

Logos Gemeente van Christus

Trompette 5-6: Die gevaar van misleiding

12 Julie 2020

Laasweek het ons begin kyk na die blaas van die 7 trompette. Ons het gesien dat dit een van die gevolge is na aanleiding van die gelowiges se gebede wat saam met die wierook voor God opgestyg het. Wanneer die eerste 4 trompette geblaas word, bring dit groot gebeurtenisse op die aarde te weeg. 'n Derde van baie dinge word getref. Die dinge wat gebeur kan natuurrampe wees, maar dit is waarskynlik ook baie meer. Dit bevat elemente van die finale oordeel, maar dit is nie die finale oordeel nie. Deur hierdie gebeure wil God die ongelowiges waarsku dat hulle hulle dringend moet bekeer. Hy laat hulle reeds iets ervaar van Sy oordeel, siende dat hulle harte hard is, en hulle boonop die gelowiges vervolg, en boonop demonstreer Hy aan hulle Sy almag, en dat Hy ver verheve is bo enigiets waarin hulle hulle vertrou plaas.

Vandag wil ek stilstaan by die blaas van die vyfde en sesde trompette. Dit word ingelei met Op 8:13. Johannes sien 'n arend wat hoog in die lug vlieg, en dan met 'n harde stem uitroep: "Wee, wee, wee die bewoners van die aarde wanneer die ander drie engele op hulle trompette gaan blaas". Hierdie uitroep maak 2 punte duidelik: (1) Die blaas van die laaste 3 trompette gaan nog erger wees as wat die geval met die eerste 4 trompette was – dit word duidelik uit die feit dat hulle met die term "wee" beskryf word, en (2) daar is vermoedelik 'n verband tussen hierdie 3 trompette – siende dat hulle aldrie met 'n "wee" beskryf word.

Ons gaan nou eers na die vyfde, en daarna na die sesde trompet kyk. Telkens gaan ons eers kyk na 'n beskrywing van wat Johannes sien, wat die impak is van wat hy sien en dan besin oor die betekenis daarvan.

Die vyfde trompet

Uit Op 9:12 is dit duidelik dat die vyfde trompet se blaas dieselfde is as die eerste "wee".

Ons begin deur na 'n **beskrywing** van die visioen te kyk:

- Op 9:1 leer dat daar 'n ster uit die hemel op die aarde val, en dat aan hierdie ster die sleutel van die skag van die onderaardse diepte gegee is. Een saak waaroor ons sal moet besin, is: Wat is die onderaardse diepte? Meeste kommentare stem saam dat die dieselfde plek is waarvan ons lees in Luk 8:31. Hier was 'n man wat met verskeie duiwels besete was. As Jesus op die punt staan om hulle uit te dryf, vra hulle dat Jesus hulle nie na die onderaardse diepte moet stuur nie. Dit is dus die plek waar duiwels/bose geeste gehou word. Die ander vraag is: wie is die ster wat dit kan oopsluit? Duidelik is hierdie ster nie 'n fisiese ster nie – dit sou tog nie sin maak om aan 'n fisiese ster 'n sleutel te gee nie. Baie voorstelle is al gemaak: Nero, 'n gevalle engel, 'n bose gees, Satan, Woord van God, Uriel en selfs Jesus. Kyk na die volgende gedeeltes:
 - Jes 14:12 – hier word die val van Babel beskryf as die morester wat uit die hemel geval het. Onthou ook, later in Openbaring is Babel een van die instrumente wat die Satan gebruik.
 - Luk 10:18 lees ons dat Jesus aan die 72 beskryf dat Hy die Satan uit die hemel sien val het. Op 12:9 maak dieselfde stelling.
 - In Op 9:11 word gesê dat die engel van die onderaardse diepte, wat waarskynlik dieselfde wese is as die een wat die onderaardse diepte oopsluit, Abaddon of Apollion is – wat beteken "Verwoester", wat tog sekerlik na Satan verwys.

Ek is dus oortuig, die ster wat val is die Satan.

- Satan sluit die skag na die onderaardse diepte oop met 's sleutel wat aan hom gegee is. Wie het dit aan hom gegee? Op 1:18 het geleer dat die Seun van die Mens die sleutels van die dood en die doderyk het. Ja, die Satan mag dit oopsluit – maar bloot net omdat Jesus hom toelaat om dit te doen.
- Wanneer die skag oopgesluit word, verduister die son a.g.v. die rook wat uit die skag borrel (vers 2), en uit hierdie rook het daar 'n klomp sprinkane gekom wat oor die aarde swerm. Laasweek het ons met die eerste 4 trompette gesien dat hulle telkens terug verwys het na sommige van die 10 plae. Hier sien ons dieselfde – die sprinkane verwys terug na die 8ste plaag (Eks 10:12).
- Ons lees heelwat detail van hierdie sprinkane:
 - Hulle kan ook optree soos skerpioene (verse 3 en 10)
 - Hulle vreet nie plantegroei nie (vers 4), en dus is hulle nie gewone sprinkane nie
 - Hulle lyk soos perde wat gereed is vir oorlog (vers 7)
 - Op hulle koppe het hulle iets soos krone, wat lyk of dit goud is (vers 7)
 - Hulle het gesigte soos mense (vers 7)
 - Hulle het lang hare soos vrouens (vers 8)
 - Hulle het tande soos leeus (vers 8)
 - Hulle borskaste is beskerm met ysterharnasse (vers 9) – hulle is dus goed verdedig
 - Hulle vlerke se gedruis klink soos strydwaens met perde in 'n oorlog (vers 9)
 - Hulle mag die mense net 5 maande lank pynig – 5 maande verwys waarskynlik na die tipiese leeftyd van 'n sprinakaan (hulle tyd is dus beperk) (vers 10 en ook 5)
 - Hulle het Abaddon / Apollion as hulle koning (vers 11)
- Wat beteken dit alles? Lees weer Joël 2:3-5. Hier word die groot nasie wat God gaan stuur ook beskryf met 'n sprinakaanswerm, wie se manskappe soos perde lyk, en wie se geluid soos strydwaens klink – soortgelyk aan die 5de trompet. Opsommend kan ons sê ons het duidelik hier met wesens te doen wat gereed is vir oorlog. Hulle is goed beskerm deur ysterharnasse. Verder het hulle sekere eienskappe wat hulle aanloklik maak (iets soos krone van iets soos goud, gesigte soos mense, hare soos vrouens), en ander wat afstootlik of vreesaanjaend is (skerpioene, tande soos leeus, ysterharnasse, klink soos perde en strydwaens).

Watter **effek** het hierdie wesens? Verse 5 en 6 maak die volgende duidelik:

- Hulle fokus alleen maar op die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie, d.w.s. hulle fokus slegs op die ongelowiges. Nog meer akkuraat, net op die wat nie uitverkies is nie. Ongelowiges wat nog tot geloof sal kom, is tog ook gemerk met die seël van God.
- Hierdie wesens is nie toegelaat om hierdie ongeseeëdes dood te maak nie. Hulle mog hulle alleenlik pynig, en selfs dit mog hulle net vir 'n sekere en redelike kort periode doen – 5 maande lank.
- Die gevolg van hierdie pyniging is dat die mense sal wil doodgaan, maar die dood sal hulle ontwyk.

Wat is nou die **betekenis** van dit alles?

- Soos ons reeds gesien het, is die vallende ster, en dus Abaddon en Apollion, die Satan wat uit die hemel gegooi is (ons sal later in Openbaring sien dat dit gebeur het tydens Jesus se eerste koms), terwyl die onderaardse dieptes is die plek waar die bese geeste gehou was.
- Die sprinakaanwesens wat uit die aardse diepte kom en die mense pynig, is dus bese geeste. Aan die een kant is hulle aanloklik en verleidelik met wat hulle die ongeseeëdes aanbied, aan die ander kant is hulle afstootlik, vreesaanjaend en gevaarlik. Ons het dus hier te doen met 'n geestelike stryd, soos wat ons lees in Ef 2:1a-2: "Julle het gelewe soos hierdie sondige

wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare bese magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is”.

- Die dinge waardeur die mense verlei word, is sodanig dat alhoewel dit aanvanklik aantreklik is en hulle daarvoor swig, is dit op die ou end leeg en onbevredigend, tot so 'n mate dat hulle die lus vir die lewe verloor. Hulle wil selfs doodgaan, maar selfs die bevrediging daarvan ontwyk hulle – moontlik omdat hulle iets verstaan van God se oordeel (byvoorbeeld uit trompet 1-4).
- Lees Deut 28:15, 27-29. Hierdie hoofstuk bespreek onder andere die strawwe wat die volk kon verwag as hulle ongehoorsaam was aan God se opdragte. In vers 27 word beskryf dat hierdie strawwe soortgelyk sal wees aan die plaë wat Egipte destyds getref het (en soos wat ons gesien het die geval was met trompet 1-5). In verse 28-29 word beskryf dat hierdie strawwe selfs sielkundige/geestelike gevolge sal hê soos: kranksinnigheid, blindheid (vers 29 laat blyk dit is nie noodwendig fisiese blindheid nie) en waansin.

Met die blaas van die vyfde trompet, word die bese geeste uit die onderaardse dieptes losgelaat op al die wat nie uitverkore is nie. Hulle verlei hierdie mense met allerlei vorme van afgode en sondige praktyke, wat aanvanklik aantreklik lyk, maar later blyk leeg en onbevredigend te wees. Hulle word ontugter. Dit het 'n groot sielkundige/geestelike effek op hierdie mense. Hulle verloor die lus vir en die sin van die lewe. Hulle is geestelik dood. Hulle wil ook fisies sterf – maar mag nie. Hoe tragies!

Die sesde trompet

Vers 13 vertel dat Johannes met die blaas van die sesde trompet 'n stem gehoor het van tussen die horings van die goue altaar. Die feit dat dit die “goue” altaar is, wys duidelik daarop dat dit die wieroekaltaar moet wees (die brandofferaltaar was immers van brons). Direk neem dit ons terug na die vorige geleentheid waar ons van hierdie altaar gelees het – die laaste keer was met die oopmaak van die sewende seël, waar ons o.a. geleer het dat die blaas van die trompet in reaksie op die gebede van die gelowiges gebeur het. Dit moet dus ook hier die geval wees.

Ons begin weer deur eers na 'n **beskrywing** van die visioen te kyk:

- Die stem gee aan die sesde engel die opdrag om vier ander engele by die Eufraatrivier los te gaan maak (vers 14).
- Volgens vers 15 is hierdie engele daar vasgehou tot hierdie spesifieke uur, dag, maand en jaar. Dit is 'n baie spesifieke tyd – daar is baie min ander plekke in die Bybel waar gebeure tot op die uur vasgepen word. Duidelik is God selfs in die fynste detail van wat hier beskryf word, betrokke.
- Hierdie 4 engele is toegelaat om 'n derde van die mensdom dood te maak. Hiervoor het hulle 'n groot leër tot hulle beskikking gehad. Van hierdie leër lees ons die volgende:
 - Dit was 'n groot leër – die NAV praat van miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel, terwyl die OAV die meer letterlik beskryf as 2 maal 10 000 maal 10 000, wat vir jou 200 miljoen gee, soos wat die NIV beskryf. Die punt is dit is baie, en die getal is bekend (vers 16).
 - Hierdie leër het bestaan uit ruiters op perde. Hulle het vuurrooi, donkerblou en swaelgeel harnasse aan (soortgelyk aan die sprinkane se ysterharnasse in die 5de trompet), wat beteken hulle is goed beskerm, en gaan moeilik oorwin word (vers 17).
 - Hulle het koppe soos leus, wat sekerlik hulle krag demonstreer (vers 17).
 - Uit hulle bekke het daar rook, vuur en swael gekom. Dit word as plaë beskryf in vers 18, en dit is juis deur hierdie plaë wat uit hulle bekke kom dat die derde van die mensdom doodgemaak word.
 - Boonop het hulle sterte soos slange, waarmee hulle die mense kan pynig (vers 19).

Wat is die **effek** van hierdie engele en hulle leër?

- In die eerste plek, 'n derde van die mensdom is doodgemaak (verse 15 en 18). En dit blyk dat hulle juis doodgemaak is deur die plaë wat uit die bekke van die perde gekom het. 'n Mens dink onwillekeurig aan die dinge wat hierdie wesens leer en sê. Ja, hulle slangsterte pynig ook die mense, maar dis juis die dinge wat uit hulle bekke kom wat 'n derde van die mensdom doodmaak.
- In die tweede plek, is hulle effek nie dat die ander mense wat nie doodgemaak word nie, hulle bekeer nie. Ons moet dus weereens raaksien hulle fokus is weereens op die ongeseeëldes. 'n Derde van die ongeseeëldes word doodgemaak, maar die ander twee derdes bekeer hulle nie. Hulle gaan voort met hulle afgodery (vers 20b) en sondige praktyke (vers 21).

Wat is nou die **betekenis** van wat Johannes hier gesien het?

- Wat die verwysing na die Eufraat betref: Lees Jer 46:1-2,6 en 10. Dis verstommend wat ons hier lees – die Here wreek Hom op Sy vyande (vers 10), en Hy doen dit deurdat Babel vir Egipte verslaan op die walle van die Eufraat. Babel, 'n goddelose nasie, verslaan Egipte, ook 'n goddelose nasie, trouens juis die nasie teen wie die 10 plaë gemik was.
- Die 4 engele was teruggehou juis vir hierdie uur, dag, maand en jaar. Ons moet dus aflei dat hulle bese engele is wat verwoesting wil saai – immers hulle is teruggehou. Maar hulle kan dit net doen as God hulle loslaat om dit te doen. En hulle kan net 'n derde doodmaak. Uit vers 20 moet ons aflei die derde is uit die ongeseeëldes (want “die ander mense”, dus die ander twee derdes, is onbekeerdes).
- Hierdie engele gebruik 'n hele leer van perderuiters om hierdie taak te verrig. Gesien in die lig van wat ons in die 5de trompet gelees het, is hierdie leer soortgelyk aan die leer van bese geeste wat daar die mense 5 maande lank gepynig het. Toe mog hulle nie die mense doodmaak nie, maar nou, op hierdie uur, dag, maand en jaar, mag hulle verder gaan en 'n derde doodmaak. Maar net 'n derde!
- Dit is wat uit hulle bekke kom, wat die mense doodmaak. Dit is wat hulle leer.
- Let ook op, dit wat hulle leer, kan net doodmaak. Dit kan nie bekering werk nie. Dit het of die effek dat mense doodgaan, of dit het die effek dat hulle voortgaan met hulle afgodery en sondige praktyke. En wanneer die sewende trompet geblaas word, gaan hulle ook doodgaan. Die feit dat net 'n derde doodgaan, is in 'n sekere sin steeds genade. Maar die tyd loop uit.

Kan ek probeer om die 5de en 6de trompette op te som: God is in beheer van selfs die fynste detail van wat hier gebeur. Maar let ook daarop, dat die gebede van die gelowiges meewerk in die uitwerk van wat God hier doen. God werp die Satan op die aarde. Die Satan ontsluit sy bese magte en engele omdat God hom toelaat om dit te doen. Hulle verlei dan die ongeseeëldes om deel te neem aan 'n klomp praktyke. Hierdie praktyke is enersyds aanloklik, en daarom neem die mense daaraan deel. Maar andersyds dwing hulle ook die mense deur vrees om daaraan deel te neem. As hierdie ongeseeëldes mense eers ingekoop het hierby, kom hulle eventueel tot die besef hierdie praktyke is leeg en inhoudloos. Hulle word ontugter, en dis so erg dat hulle die sin vir die lewe verloor. (*Dis die vyfde trompet*). Op 'n spesifieke uur, dag, maand en jaar besluit God om verder te gaan. Hulle, die Satan en sy bese magte, word dan toegelaat om boonop 'n derde van hierdie mense dood te maak. Maar die ander twee derdes – al neem hulle kennis van hierdie derde wat dood is, al is hulle ontugter deur die leegheid van die dinge waarmee hulle besig is – bekeer hulle nie. Hulle gaan voort om sinlose, lewelose dinge te aanbid, tesame met die sondige praktyke wat daarmee saam gaan. (*Dis die sesde trompet*). Natuurlik sal die sewende trompet volg, waar hulle almal sal sterf – en dan nie net fisies nie, maar die ewige dood ingaan.

Let op die ooreenkoms met wat destyds met die Egiptenare gebeur het: 9 Plaë het die Egiptenare getref. Hulle moes besef hulle praktyke om God se volk te verdruk en om te weier dat hulle mag

trek, is sinloos en hulle behoort op te hou daarmee – maar hulle doen dit nie. *Dis die ekwivalent van die vyfde trompet.* Dan kom die 10de plaag, en al die eersgeborenes sterf. *Dis die ekwivalent van die sesde trompet.* En bekeer hulle hulle? Nie werklik nie – hulle agtervolg die Israeliete en eventueel verdrink almal in die Rooisee. *Dis die ekwivalent van die sewende trompet.*

Let ook op: Die Satan is besig om sy bose magte te gebruik om die mense wat hom aanhang, te verlei en veroorsaak hulle dood. Dit is voorwaar 'n hopelose koninkryk wat so optree.

Toepassing

Kyk na ons samelewing. Waaroor gaan die lewe? Wat jaag die mens van die 21 ste eeu? Daar is baie dinge: Sommiges is net besorgd oor sukses in hulle loopbane. Sommiges jaag geld, of besittings. Ander jaag van een vorm van ontspanning of vakansie na die volgende. Sommiges leef van een sportbyeenkoms na die volgende. En op 'n stadium kom jy by 'n groot ontnugtering: Daardie suksesvolle loopbaan vreet al my tyd op – en ek skeep my gesin af. Al daardie besittings verloor hulle glans na 'n jaar of twee. Of hulle breek, en kos nog meer geld. Al daardie vakansies word uitputtend, en ek het 'n vakansie na vakansie nodig. En my gunsteling sportspan, verloor ook maar van tyd tot tyd. Is dit waaroor die lewe gaan? Eventueel kom mense tot die gevolgtrekking dat dit nie sin in die lewe bring nie.

Ek lees daar is jaarliks 800 000 sterftes wêreldwyd weens selfmoord. Maar hulle skat daar is 20 keer soveel mense wat jaarliks probeer selfmoord pleeg. Ek lees 1 uit 6 Suid Afrikaners ly aan angs, depressie of vergryp hulle aan verslawende middels. Op een of ander manier het die vyfde trompet vir hierdie mense geblaas. Vir die wat gesterf het, het die sesde trompet ook reeds geblaas. En dis bloot 'n kwessie van tyd voor die sewende een gaan blaas.

Die verstommende is dit: hierdie trompette kan maar blaas. Dit op sigself gaan nie mense by bekering bring nie. Wat die Satan, sy trawante en die wêreld hulle leer, gaan hulle miskien ontnugter, maar dit gaan nooit sinvolle lewens tot gevolg hê nie. Dit is net die evangelie wat sin in lewens kan bring. En dit is ons as gelowiges se taak om saam met die Heilige Gees te getuig dat mense dit kan hoor.